VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares ’n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

5 Junie	**Cornelia Chambers,** Wyk 19
	Harry Cilliers,. Wyk 6
6 Junie	**Annie Coetzee,** Wyk 11
	Sanet du Plessis, Wyk 20
	Koos Roos, Wyk 1
	Suzette van Blerk,.Wyk 5
7 Junie	**Amanda du Plessis,** . Wyk 20
	Corrie Fourie, Wyk 1
	Pieter Glòy,. Wyk 14
10 Junie	**Nicolene Coetsee,** Wyk 3
	Wouna v d Berg,. Wyk 10
11 Junie	**Callie Coetzee,**. Wyk 10

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.

DIE KERKBLAD

Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar en intekenare kan dit in die saal afhaal. Daar is ook ’n paar gratis kopieë vir nie-intekenare wat wel oorweeg om in te teken.
Kontak asseblief vir Prof Callie of Piet Aartsma.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 19 Sondag 5 Junie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 11 **Lappie Labuschagne** en wyk 12 **Nico Spaumer. Diakens:** Wyk 11 en Wyk 12 **Gert Kruger (Jnr).**
Teebeurt: Susters van wyke 3 en 4.
Wyksusters Frieda van der Walt en Leana Mostert..

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand ds Daan Bakker

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

PINKSTERSONDAG

OGGEND Ons is dankbaar dat **prof. Callie Coetzee** ons vanoggend in die Woordbediening voorgaan. Ons bid hom die ryke seën van die Here toe op die kosbare dienswerk wat hy in die gemeente doen. Ons is die Here diep dankbaar dat ons op hierdie besondere wyse die gawes waarmee Hy prof. Callie geseën het, mag geniet.
Skriflesing: Romeine 5
Vooraf sang: Skrifberyming 13: 1 tot 4 (Tema 8 - 2)
Sang tydens die diens: Psalm 45: 9, 10, 12, 13; Skrifberyming 22: 1, 2 (Tema11 - 1); Psalm 22: 1, 2; Skrifberyming 33: 1, 3 (Tema 2 - 4).

AAND Ons is dankbaar dat **ds. Daan Bakker** ingewillig het om vanaand in die Woordbediening voor te gaan. Ons bid ds. Bakker die seën van die Here op die Woordbediening toe. Ds. Jannes is siek afgeboek en sal D.V. môre weer terug in die tuig wees.
Voorafsang: Psalm 118: 1 ,2. **Skriflesing:** 1 Johannes 4: 7 - 21
TEMA: ***Liefde verdryf vrees***
Sang: Skrifberyming 33: 1, 2; Psalm 33: 6, 11; Psalm 103: 6, 9

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Deputate Jeugsorg*** *in* die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)*en *Kerkkas (rooi).*

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Meegevoel

Ons betuig ons innige meegevoel met **Wymie du Plessis** en haar suster, **Silvia Martens**, met die dood van **Bennie du Plessis** vroeër die week. Dit is ons gebed dat die Vader van ontferming en die God van vertroosting Wymie, hulle kinders en kleinkinders en ander familie en geliefdes ryklik sal vertroos.
Die begrafnis het Saterdag plaasgevind.

Ons is dankbaar saam met **May Vorster** dat sy Dinsdag haar tweede kursus chemoterapie kon ontvang. Ons dank die Here vir die krag en geloofsvolharding wat Hy aan May en André gee en bid dat Hy hulle in sy liefdevolle ontferming sal dra. Afgesien van die moegheid, wat 'n newe-effek van die chemoterapie is, is ons dankbaar dat May goed op die behandeling reageer.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Nico Malan**. Alhoewel die knievervangsoperasie goed afgeloop het, is daar 'n aantal ander sake wat sy herstel belemmer. Nico is Donderdagoggend na die intensiewe sorgeenheid van die Groenkloof Hospitaal waar hy geïntubeer is. 'n MRI skandering het tekens van beroerte getoon en die EKG dui 'n suurstoftekort in die hart aan. Mag die Here, wie se goedheid geen einde ken nie, **Nico en Leoné** hierdeur dra.

Henna Labuschagne het Vrydag 'n afspraak by 'n Ginekoloog gehad en moet nou teruggaan na die Onkoloog. Ons verseker haar en Lappies en hulle dierbares van ons voorbidding.

Dankbaarheid

Ons is ons hemelse Vader diep dankbaar dat **Susan Coetzee** bewaar is toe daar Sondagaand tydens die aanddiens, by hulle woning ingebreek is. Prof. Callie se skootrekenaar en selfoon is met die inbraak gesteel. Ons gebed is dat prof. Callie en Susan in hierdie tyd ook die vrede van die Here sal ontvang om oor hulle hart en gedagtes die wag te hou.

Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg Maar nooit alleen.

Posbus 1771.Cresta Suid-Afrika 2118 +27 11 888 9341 +27 11 888 9362

Streek: Midde Ooste **Meerderheidsgeloof:** Islam.
Bevolking: 46 612 000 **Christelike bevolking:** 166 000 (0.4%)
Bronne van vervolging: Islamitiese onderdrukking, Clan-onderdrukking. Georganiseerde korrupsie en misdaad.

IRAK

Irak word ondanks die onlangse gebiedsverliese deur die Islamitiese Staat (IS) voortdurend deur konflik geteister, en dit het 'n ernstige uitwerking op die land se Christenminderheid-bevolking.
Baie Christene word ook ernstig beïnvloed deur onverdraagsaamheid en vervolging wat hoofsaaklik deur militante Islamitiese groepe en nie-Christelike leiers volgehou word. Hulle ervaar ook diskriminasie van die regeringsowerhede.
In die sentrale en suidelike dele van Irak vertoon Christene dikwels nie hul Christelike simbole in die openbaar nie, want dit kan tot teistering en diskriminasie by kontrolepunte, universiteite, werkplekke en regerings-geboue lei. Christene vanuit 'n Moslem-agtergrond hou hul geloof dikwels geheim, want hulle ervaar die risiko om deur familielede, stamleiers en hul plaaslike gemeenskap gedreig te word. Bekeerlinge kan hul erfenisregte en die reg of middele om te trou verloor.
Wat het vanjaar verander? Irakse politici het 'n wet goedgekeur om Kersdag 'n openbare vakansiedag te maak, en 'n komitee is gestig om Christene wat deur die IS-opstand ontwortel is in staat te stel om na hul huise terug te keer (meer as 80% het sedert 2003 uit die land gevlug). Baie Christene is egter teësinnig om terug te keer huis toe, want hulle voel dat die omgewing nie bevorderlik is vir 'n veilige en voorspoedige terugkeer nie.

Bid vir Irak

- **Bid vir vrede en stabiliteit sodat ontwortelde Christene na hul huise kan terugkeer.**

Bid dat die nuwe Irakse regering Christene en ander godsdienstige minderhede se regte sal beskerm. Bid vir die beskerming van alle gelowiges – bid dat elkeen in hul geloof versterk en bemoedig sal word.

Hoe help Geopende Deure Christene in Irak?

Geopende Deure werk deur plaaslike vennote om die Kerk in Irak te ondersteun met Bybelse opleiding, traumasorg, Bybelverspreiding, sosio-ekonomiese ontwikkelings-projekte, noodleniging, en hulp om huise en kerke in noordelike Irak te herbou

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie

Op versoek van ouers en hulpkategete sal daar vir die duur van die eksamen geen katkisasie wees nie. Verbondsouers word gevra om tuis toe te sien dat Lesse 13-15 se werk behandel word.

Dagboek

Di	7/06	09:00	Telkommissie 2	Kerkkantoor
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

Di	21/06	18:30	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Do	23/06	18:30	Ouderlinge toerusting	Ou Kerkie
So	24/07	10:30	Gemeentevergadering	Kerkgebou

BROERS TER APPROBASIE

Die name van die volgende broers word vir 'n tweede maal ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir onderskeidelik die diens van ouderling en diaken. Indien daar geen wettige besware teen die broers ingebring word nie, en hulle die roeping opvolg sal hulle DV op Sondag 19 Junie tydens die oggenddiens in die onderskeie dienste bevestig word. Ons bid hulle die leiding van die Heilige Gees toe in die oorweging van hierdie roeping van Christus deur sy kerk:

As ouderlinge: brs. Gerrit Badenhorst, Banie Boneschans, Charles Reynecke, Tom Chambers.

As diakens: brs. Frans Drijfhout, Jan-Adriaan Eloff, Anton Kruger, Johan Coetzee, Hannes Coetzer en Hennie Kruger.

Attestate

Opgeneem vanaf die Ned Herv Kerk Carletonville **Martie van der Heever**. Sy woon in Haar diaken is Jan de Vos en wyksuster Marié Badenhorst. Die wyksouderling is vakant.

WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

EVANGELISASIE

FEBA Radio Suid-Afrika:

Is saam met sy vennoot FEBC (Far East Broadcasting Company) 'n internasionale Christelike sending-organisasie wat die Evangelie van Jesus Christus deur radio en ander media uitsaai na die mins bereikte nasies op aarde.

Hulle missie is om die Evangelie van Jesus Christus uit te saai na mense regoor die wêreld wat geïsoleer lewe as gevolg van ekonomiese-, opvoedkundige-, politieke- en godsdienstige hindernisse. Baie van hierdie 'vergete mense' woon in lande waarin daar baie politieke en kulturele opposisie teenoor die Evangelie is en daarom is daar beperkte toegang tot Christelike hulpbronne.

Radio is een van die koste-effektiefste maniere om die Evangelie na die uithoeke van die aarde te dra. Dit kan op een slag miljoene mense bereik, insluitende diegene wat in landelike of onbegaanbare plekke leef. Baie van hierdie mense word versterk en bemoedig as hulle hul radio's op FEBA inskakel. Die programme is spesiaal ontwerp om die boodskap van Hoop aan hopeloses te bring. Daar word in 50 lande en 100 tale die Goeie Nuus uitgesaai. Die meerderheid van programme word deur Christene gemaak wat in hierdie lande woon en die taal kan praat. Jaarliks word gemiddeld 9 miljoen response van luisteraars ontvang in die vorm van telefoonoproepe, e-posse, sms'e, briewe en persoonlike besoeke.

Alle belangstellende lidmate word hartlik uitgenooi na 'n byeenkoms wat deur FEBA Radio Suid-Afrika aangebied word.

FEBA SA, se nasionale direkteur, **Dr Jurie Vermeulen**, is die spreker by die geleentheid. Dr Jurie het opbouende stories en inspirerende getuienis om te deel oor hoe die Here FEBA se mediabediening gebruik om die Goeie Nuus van Jesus Christus te verkondig aan die minsbereikte asook die vervolgde mensegroepe van regoor die wêreld.

Tyd: Vrydag 10 Junie, 09:30 vir 10:00 tot 11:30

Plek: NG Kerk, Die Bult, Potchefstroom

Koffie, tee en verversings sal by die geleentheid bedien word.